

DIE  
VOLMAAKTE  
REPUBLIEK

**Christen-Teokratiese  
Separatisme**

A.E van den Berg

AUGUSTUS 2013

*”...Ek wil nie oor julle heers nie en ook  
my seun mag nie oor julle heers nie: die  
Here sal oor julle heers”(Rigt.8:23).*

*“Want die Here is ons Regter, die Here is  
ons Aanvoerder, die Here is ons Koning:  
Hy sal ons verlos”(Jes.33:22).*

# Inleiding

Geen staatsbeleid is volmaak nie; dit is mensewerk en derhalwe feilbaar. Koning Nebukadnesar se droom oor die standbeeld met die kop van goud en voete van klei bevestig dit (Dan.2:31-45). Ongelukkig veroorsaak valse vertrouwe in mense dikwels 'n wanbegrip van die dinge wat werklik saak maak.

*“Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie”*  
(Ps.146:3).

Daar is net een Bybelse staatsbeleid – 'n Christen-teokrasie waar God as Vader deur sy Seun, sy Woord en sy Gees regeer. Oud-Israel het eeue lank 'n teokrasie gehad, en alhoewel dit uniek was, is dit 'n staatsmodel vir alle volke van alle tye.

Ongelukkig het mense se kennis van God se Woord so verswak dat hulle die vermoë om reg te dink en sinvolle besluite te neem grootliks verloor het. Daarbenewens word hulle aan so 'n stortvloed van leuenagtige propaganda blootgestel, dat niemand reguit treë op sulke krom paaie gee nie.

Suid-Afrika het 'n behoefte aan geestelike *transformasie* en burgers wat van denkrioting verander ten einde van die *polities korrekte* onregte en gewaande vryheid bevry te word. Ek wil met

hierdie skrywe die waarheid oopskryf en volksgenote aanmoedig om te bid dat God ons sal help om 'n Christen-teokrasie aan die suidpunt van Afrika te vestig.

**Andre van den Berg**

**Augustus 2013**

# INHOUD

<b>HOOFSTUK</b>		<b>BLADSY</b>
<b>1. GODSDIENS</b>		
1.1	Bybel	6
1.2	Die nuwe Israel	8
1.3	Gehoorsaamheid	10
<b>2. DIE STAAT</b>		
2.1	'n Eerbare saak	12
2.2	Leierskap	13
2.3	Wet en orde	16
2.4	Vryheid	18
2.5	Geregtigheid	20
2.6	Vrede	23
2.7	Regte	25
2.8	Anti-demokraties	26
2.9	Kerk	31
<b>3. SEPARATISME</b>		
3.1	Omskrywing	34
3.2	Rasseverskille	35
3.3	Rassevooroordeel	40
3.4	Rassevermenging	42
3.5	Rasseskeiding	45
3.6	Verdienste	48
3.7	'n Hersenskim	54
<b>4. HERSTEL</b>		
4.1	Ontwrigting	60
4.2	Teenstand	62
4.3	Saamstaan	64
<b>SLOTWOORD</b>		67

# Hoofstuk 1

## GODSDIENS

### 1.1 Die Bybel

*“Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek” (Hab.2:14).*

In ’n grondwet word daar òf by God òf die mens begin. Wie by laasgenoemde begin, misken God en plaas wette wat teen die Woord van God indruis op die wetboek. Die aborsiewet is een van talle voorbeelde. Wat skadelik vir die Evangelie is, is skadelik vir ’n land.

*“Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is...” (Spr.8:13).*

Van die grootste misdade teen die mensdom is deur mense gepleeg wat God se Woord geminag het. ’n Mens is of weerbaar of weerloos; so ook ’n volk. ’n Volk sonder Christus het geen geestelike fondament nie en is derhalwe tot verval gedoem.

’n Christen-teokrasie rig die staat op die grondliggende waarhede van die Woord van God. Dis die steenwerk wat verhoed dat ’n land uitmekaarval. Die doelpale word nie verskuif nie, maar eerder ’n noodlottige spelpatroon verander.

Alhoewel ’n Christen-teokrasie nie ’n Teonomie (God-gehoorsame regering) as sodanig is nie,

betêken dit wel 'n God-gehoorsame regering. God se Woord gee voldoende riglyne waaraan sy Wil getoets moet word. Daarbenewens lei die Heilige Gees só 'n leier dat hy mag sê: ***God regeer.***

'n Christen-teokrasie verhoed dat lelike dinge in die papier van godsdiens toegedraai word en duld derhalwe geen godsdiensvryheid nie. Die verbode vrug in die tuin van Eden het aanvanklik goed gelyk maar die dood gebaar, so ook godsdiensvryheid. Dit is in werklikheid godsdiensgelykheid wat bose geeste op gelyke voet met Jesus Christus plaas.

'n Christen-teokrasie is op goeie sedes ingestel. Iets wat sedelik verkeerd is, is nooit polities reg nie. Oral waar Christen-standaarde ontbreek, is sedelike verrotting onafwendbaar. Sedelike waardes hang nooit in die lug nie, maar moet geanker word.

Die Christendom is die enigste anker en neem derhalwe 'n leidende rol in die hervasstelling van sedelike waardes. Daarom is Christendom die enigste wettige godsdiens. Alles wat daarvan afwyk, is afgodery en derhalwe onwettig; veral die sataniese rituele wat onder die dekmantel van kultuur deur heidene bedryf word.

*“Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode?  
Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het:*

*Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees” (2 Kor.6:16).*

Soos alles wat skitter nie altyd goud is nie, word alles wat onder die dekmantel van Christendom skuil, nie sonder deeglike ondersoek toegelaat nie. Kerke word onder die vergrootglas geplaas en slegs dié met 'n Protestantse karakter word toegelaat.

## 1.2 Die nuwe Israel

*“Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra” (Mt 21:43).*

*“En as julle aan Christus behoort, is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename” (Gal.3:29).*

God het nie 'n ander stel reëls vir volke naas Israel gegee nie. Die Bybelse voorskrifte geld vir almal. Israel was die uitverkore volk van God totdat dit Christus verwerp en Hy sy guns aan 'n nuwe volk geskenk het; die nuwe (geestelike) Israel. Dis nie geografies nie, maar geestelik afgebaken en die Wet en die verbond van God op alle *geestelike Israëliete* van toepassing; so ook al sy Beloftes:

*“...as my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees” (2 Kron.7:14).*



*“Welgeluksalig is die nasie wie se God die HERE is, die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het” (Ps.33:12).*

Vóór die koningskap in oud-Israel gevestig is, was God die alleen-Koning en burgerlike hoof. Die vestiging van die koningskap het die teokratiese karakter van Israel aanvanklik geskaad.

*“Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie” (1 Sam.8:7).*

Desondanks het God sy seën aan godvresende konings soos Dawid toegesê:

*“En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid” (2 Sam.7:16).*

*“En kyk, jy sal swanger word en ’n Seun baar en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Luk.1:31-33).*

Israel se teokrasie was op die verbond gegrond:

*“Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk sê: Dit is die bloed van die verbond wat die HERE met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde” (Ex.24:8).*

*“Hy dink vir ewig aan sy verbond, aan die woord wat Hy ingestel het vir duisende geslagte – die verbond wat Hy met Abraham gesluit het en sy eed aan Isak; wat Hy ook vir Jakob as insetting bekragtig het, vir Israel as ’n ewige verbond” (Ps. 105:8-10).*

## 1.3 Gehoorsaamheid

Die krag of swakheid van 'n volk word deur sy geestelike lewe bepaal. As sy geestelike energie uitgeput is, stort dit in duie soos 'n boom met 'n verrotte pit wat nie lank staan nie en dan omval. Israel se krag en voorspoed is deur sy gehoorsaamheid aan God bepaal. Daarom is godsdienstige oortredings ook burgerlik gestraf:

*“En as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê, moet hulle sekerlik gedood word...” (Lev.20:27).*

*“En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word...” (Lev.24:16).*

God het Israel se gehoorsaamheid geseën:

*“As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God” (Deut.28:1-2).*

*“Want so sê die Here aan die huis van Israel: Soek My, dan sal julle lewe” (Amos 5:4).*

As die Woord van God tersyde gestel word, is God se oordeel onvermydelik.

*“Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal”*

(Deut.28:15)



## Hoofstuk 2

# DIE STAAT

### 2.1 'n Eerbare saak

Alles wat eerbaar en goed is, is die gevolg van harde werk; ook politiek waardeur wet en orde gehandhaaf word. Dis so 'n ernstige saak, dat dit nie in eerlose of onbevoegde hande gelaat mag word nie. God is 'n God van orde:

*“Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan”* (1 Kor.14:40).

Oral waar Christus heers is daar orde:

*“...ek verbly my om julle goeie orde te sien...”* (Kol.2:5).

Jesus het dikwels politieke aangeleenthede aangespreek en mense aangemoedig om die koninkryk van God te soek (Mt.6:33); iets wat op staatkundige gebied slegs in 'n Christen-teokrasie tot sy reg kom. Alles wat daarvan afwyk, is 'n worsteling vir persoonlike mag. 'n Christen-teokrasie bevry mense van 'n liefde vir mag deur die mag van die liefde.

Ongelukkig word die beginsels wat die Bybel vir goeie regering neerlê grootliks verwerp.

*“Daarom sal die woord van die Here vir hulle wees gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie, sodat hulle kan beengaan en agteruit struikel ...”* (Jes.28:13).

Die geskiedenis van teokrasie skets egter ook 'n somber prentjie. Dis telkens met goeie bedoelings begin, maar binne enkele geslagte het dit in 'n stelsel van onreg ontaard. Die eerste teokratiese staatsbestel waarvan die Bybel melding maak, is dié van Moses tydens die uittog uit Egipte wat vir 40 jaar volgehou en daarna deur Josua voortgesit is. Hy het Israel egter gewaarsku dat hulle dit weens hulle ongehoorsaamheid nie sou volhou nie. Ná sy dood het Israel met verbode volke vermeng en, soos voorspel, van God afvallig geword.

Die tydperk van die konings van Israel het wel hoogtepunte opgelewer, veral in die tyd van Dawid, omdat hy God gereeld oor landsake geraadpleeg het. Daarna het die meeste van die daaropvolgende konings nie die teokrasie volgehou nie en selfs van die profete wat vir hulle die pad moes aandui, laat vermoor. Daarom het God sy volk van tyd tot tyd gestraf en later in twee ballingskappe laat wegvoer.

## 2.2 Leierskap

*“n Man van onreg is vir die regverdiges 'n gruwel en vir die goddelose is die opregte van wandel 'n gruwel” (Spr.29:27).*

'n Volksleier wat eiebelang voor volksbelang stel, skep 'n lugleegte wat maklik deur booshede gevul

word. In 'n Christen-teokrasie roep en bekwaam God 'n president deur sy denke op sy Woord te rig en met wysheid te bedeel. Die Bybel en die geskiedenis getuig van volksleiers wat weens hul geloof in God en volksliefde uitsonderlike instrumente in God se hand was. Moses is 'n treffende voorbeeld hiervan:

*“En toe Moses se skoonvader sien alles wat hy vir die volk doen, sê hy: Wat is dit wat jy vir die volk doen?... En Moses antwoord sy skoonvader: Omdat die volk na my kom om God te raadpleeg”*  
(Ex.18:14,15).

Die president van 'n Christen-teokrasie beklee 'n lewenslange amp. Dis egter, soos in die tyd van die Rigters, nie oorerfbaar nie. Gideon is 'n treffende voorbeeld hiervan:

*” ....Ek wil nie oor julle heers nie en ook my seun mag nie oor julle heers nie: die Here sal oor julle heers”* (Rigt.8:23).

Die president is soos Moses die staatkundige leier sowel as profeet van sy volk en die toonbeeld van liefde en geleerdheid wat tot 'n meesterstuk saamgesmelt het. Min dinge plaas hom so buite Satan se spervuur soos sy nederigheid waaruit die res van sy goddelike deugde spruit. Hy dwing nie mag af nie, maar boesem eerder gesag in. Gevolglik buig burgers *voor* en nie *onder* sy gesag nie.

Die president laat hom nie deur kritiek van stryk bring nie en bou selfs stewige fundamente van die

klippe waarmee hy gegooi word. Daarbenewens neem hy groter blaam as wat hy verdien en minder krediet as wat hom toekom. Sy grootheid lê egter daarin dat hy die regte dinge vir sy volk doen. Dit is die goue ketting wat hom aan sy mense bind.

Hy verkrag nooit sy gewete deur mense ter wille te wees nie. Sy kennis van God se Woord verhoed dat vreemde situasies hom oorweldig al keer sy wêreld onderstebo. Gevolglik skitter God se grootheid in hom en volg burgers hom met volle vertroue.

Die president rus sy amptenary met die nodige geestelike krag toe sodat elkeen God op sy afsonderlike gebied verheerlik. Almal is egter diensknegte van Christus wat toesien dat die burgers tot sy eer leef. Eerlose mense met baie strewes maar min talente, word van staatkundige mag weerhou sodat niemand verantwoordelikheid sonder gesag of gesag sonder verantwoordelikheid in die land geniet nie. Booswigte kan hulle nie in 'n vryheid sonder vrede verlustig of eerbare burgers in 'n kunsmatige vrede sonder vryheid kwyn nie.

Omdat een balk nie 'n hele dak kan dra nie, word die president deur 'n raad bygestaan. Geen enkeling speel 'n hele simfonie nie, daarvoor is 'n orkes nodig; so ook in die politiek. Die raadslede word deur die president in ernstige gebed

tot God aangewys; mense met 'n vaste vertroue in Christus en gebonde aan sy wil. Die saad van hul rein hart lewer 'n goeie oes.

*“En God wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk...”* (Hand.15:8).

Die president stel gelowiges met buitengewone gawes as raadslede aan, mense met die goddelike drang om reg en geregtigheid te laat geskied en wat soos 'n goeie kaptein vir hul mense sorg. (Dis egter nie onbybels om kandidate by wyse van stemming aan te wys nie, mits die kiesers God se eer ten doel het en hulle die kandidate self ken en 'n ingeligte besluit kan neem. Die finale beslissing moet egter steeds van God afgebid word. In Hand 14:23 het die apostels mense met die hand uitgesoek).

Die besluite wat hierdie raadslede neem, getuig van wysheid, spanwerk en goddelike toewyding. Hulle is die porseleinklei waarvan God se juwele gemaak word en 'n sieraad vir Suid-Afrika.

## **2.3 Wet en orde**

*“Slegte mense verstaan die reg nie, maar die wat die Here soek, verstaan alles”* (Spr.28:5).

*“Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf...”*  
(Jak.4:12).



Suid-Afrika het jare lank 'n toonkamer-voorkoms gehad voordat dit in die naam van demokrasie 'n politieke bouval geword en na die ideologiese oerwoud teruggekeer het. Waar bese wetgewing op onderhoriges afgedwing word, volg wanorde soos gebeur het toe booswigte by die parlement se voordeur in en wet en orde by die agterdeur uit is. Uit 'n geweldgeteisterde samelewing kom geen eerbare regering te voorskyn nie.

God het die mens nie bestem om sy eie heil uit te werk nie, maar om sy lewensreëls van een bron te ontvang: sy Woord. Daarom is die wette en voorskrifte van die Bybel die grondslag vir wet en orde in 'n Christen-teokrasie en die staatsleuse *Lex Dei lex populi* - die wet van God is die wet van die mens.

*“Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus” (1 Kor.3:11).*

Die Wet van God is nie 'n afgehandelde Ou-Testamentiese gedragskode nie, maar 'n goddelike riglyn wat onontbeerlik vir gelowiges is - die enigste foutlose plan vir burgerlike regering. Wie voor dié onveranderlike hemelse norm buig, ervaar God se seën; wie nie, ontvang die straf op sy ongehoorsaamheid.

*“Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk sê: Amen” (Deut.27:26).*

*“...moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie...” (Jes.8:19).*

*“...en jou ore sal ’n woord agter jou hoor sê: Dit is die weg, wandel daarop! Wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan”*  
(Jes.30:21).

*“Roep My aan en Ek sal jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie”* (Jer.33:3).

*“Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder my kan julle niks doen nie”* (Joh.15:5).

*“Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem”* (2 Kor.6:17)

*“En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te vernyt en dit sal aan hom gegee word”* (Jak.1:5).

Wette wat in stryd met die Bybel is, is nie goeie wette nie. Suid-Afrika is vrot daarvan, veral wette wat onreg saai en daarna soos spinnerakke groter insekte deurlaat maar kleintjies vang. Christen-teokratiese separatisme daarenteen is van A tot Z goeie wetgewing en die aanname van ’n etiese wet wat seksuele losbandigheid aan bande lê. Burgers vind dit maklik om die regte dinge te doen en moeilik om booshede te verrig.

## 2.4 Vryheid

Alhoewel ongebondenheid aan die orde van die dag is, het eerbare burgers ’n behoefte aan ware vryheid wat slegs in gehoorsaamheid aan God se

Woord moontlik is. Dis ook 'n sedelike gedragskode vir vrede en 'n ordelike samesyn in 'n land. *Transformasie-vryheid* het chaos aan die suidpunt van Afrika gesaai en wetsgehoorsame burgers genoodsaak om ter wille van hul eie veiligheid agter tralies te skuil terwyl misdadigers vry op straat beweeg.

Blankes het 'n reuse fout gemaak om onder 'n swart regering te buig. Om hul vryheid vir buitelandse erkenning te verpand, het hulle 'n vryheid besorg wat eerder na oorlog lyk. Dis 'n wettelose bedeling van onverantwoordelike swart heerskappy, anargie, die uitskakeling van blankes, uitbuiting van mede-volksgenote, korrupsie, omkoperij, hekserij, moorde en laaste maar nie die minste nie, 'n betreurenswaardige gebrek aan dissipline.

Vryheid sonder verantwoordelikheid is so gevaarlik soos 'n handgranaat sonder 'n veiligheidspen en die hoofrede waarom ná-koloniale Afrika in voortdurende ellende verkeer. In Februarie 2006 het Joe Matthews, 'n prominente ANC lid, onbeskaamd gesê: “*Ons het nou die mag en kan doen net wat ons wil!*”

'n Christen-teokrasie verleen aan burgers slegs die vryheid om die regte dinge te doen en beskou vryheid en verantwoordelikheid as stalmaats. Wie nie verantwoordelikheid aanvaar nie is nooit vry of

veilig nie. Vryheid is geleenthede sowel as beperkings.

## 2.5 Geregtigheid

*“Hy wat die goddelose regverdig verklaar en die regverdige skuldig verklaar, hulle al twee is vir die Here ’n gruwel” (Spr.17:15).*

In Suid-Afrika speel reg en geregtigheid gewoonlik tweede viool. Die land kan tereg as ’n *ineptocracy* (moontlike nuwe Engelse woord?) beskryf word:

*“A system of government where the least capable to lead, are elected by the least capable of producing, and where the members of society least likely to sustain themselves or succeed, are rewarded with goods and services paid for by the confiscated wealth of a diminishing number of producers.”*

Die huidige grondwet bepaal dat geen onderskeid op grond van ras gemaak mag word nie. Desondanks is regstellende aksie en swart bemagtiging aan die orde van die dag. Elkeen het sy eie persoonlike chaos gesaai en eerbare burgers op ’n pynlike manier geleer dat daar geen plek vir reg en geregtigheid in ’n bedeling is waar kennis en verdienste aan velkleur ondergeskik en leiers lighoofdig van vervolgsug is.

Suid-Afrika is vrot van al die onregte wat eerbare burgers lamlê en wette wat van etniese wraaksug stink - ’n droewige prentjie van ’n eens

voorspoedige land. Strukture is selfs in werking gestel waardeur eerbare burgers op *wettige* wyse beroof word. Desondanks word dit as *geregtigheid-in-aksie* opgehemel omdat roof 'n onmisbare deel van die regering se polities-ekonomiese mondering is.

Geen regering sal ooit daarin slaag om rasse deur middel van regstellende optrede, verlaging van opvoedkundige standaarde of welsyn-bystand gelyk te stel nie. Gevolglik sal 'n Christen teokrasie alle bestaande landswette aan die hand van die Bybel hersien en alle wraak-wetsontwerpe summier skrap ten einde die skaal in die guns van reg en geregtigheid te laat swaai.

Regstellende aksie is 'n verbloemde onreg wat onmiddellik beëindig word. Daardeur word 'n ommekeer in die eindelose herhaling van die verkeerde manier van leef gebring en niemand verder in die modderpoel van onreg-skepping versmoor nie.

'n Christen-teokrasie sien toe dat niemand onregmatig in weelde leef terwyl verdienstelike burgers in ellende verkeer nie. Voorregte waarvoor hard gewerk word, word nie met luiards gedeel nie. Daar word 'n einde aan die bedenklike wyse waarop eerbare burgers se inkomste belas word, gemaak.

“Die ryke moet nie meer en die arme moet nie minder...bring nie”  
(Ex.30:15).

Die Christen-teokrasie huisves geen parasiet-kultuur met groter behoeftes as sy vermoë om dit self te bevredig nie. Gevolglik kan niemand inbreuk op vlytige burgers se vaardighede maak nie. Wie nie ploeg nie, oes nie! Daar is geen kunsmatige volksvreemde saamboerdery nie. Elke ras bepaal sy eie toekoms sonder benadeling van ’n ander ras.

Wie feitlik niks tot die ontwikkeling van die land bygedra het nie, maar hul die reg veroorloof om hul hand diep in die lekkergoed-fles te steek en buitengewone salarisse, vet bonusse, duur motors en ander luukshede as ’n reg beskou wat hulle toekom, is iets van die verlede. Dit bring ’n einde aan Afrika se ná-koloniale politieke pappot-bedeling aan die suidpunt van Afrika.

Eufemismes vir traagheid soos *minderbevoorreg* en *agtergeblewe* verdwyn uit die politieke woordeboek, so ook positiewe begrippe met verlammeende gevolge soos *regstellende aksie* en *transformasie*. Geen ras bevind hom ooit weer soos ’n eiland in ’n see van onredelikheid nie. Die era (euwel) van gekunstelde roof is eens en vir altyd verby!

Hardwerkende burgers vra niemand verskoning omdat dit met hulle goed gaan nie. Die eertydse volksaboteurs wat eerbare burgers oor hul

herkoms en voorspoed sleg laat voel het, word van hul amp onthef en die plunderaars wat die broodmandjie van die land tot 'n bankrot plaas omgeskoffel het, aangekeer en vervolg.

Sedelose mense is onverantwoordelike mense. Gevolglik sien 'n Christen-teokrasie toe dat die volk se sedelike peil hoogstaande is en verhoed dat sedelose mense die vrug van hul geslagsdrange op die belastingbetalers-gemeenskap afdruk. Voorbeeldige burgers sal nie verder deur middel van ondraaglike belastings ontmoedig word om meer kinders te hê nie.

'n Christen-teokrasie laat die draers van die swak gene nie sienderoë toe om vinniger as diegene met voortreflike gene te vermeerder nie. Die ou gesegde van "*We breed, you feed!*" is taboe. Geen mond verorber meer as wat die moeder-voël kan voer nie en Suid-Afrika sal nie verder met die vrug van onsedelike burgers se seksuele energie oorlaai word nie!

## 2.6 Vrede

Van vrede en versoening is daar aan die suidpunt van Afrika hoegenaamd geen sprake nie, slegs 'n smadelike veragting daarvan. Dwase leer op die harde manier dat vrede nie deur die kunsmatige uitwissing van rassegrense of die tot niet maak van

mense-verskeidenheid verkry word nie, maar slegs deur rasseseiding en eerbied vir God se skeppings-verskeidenheid.

Vrede is 'n goddelike gawe wat nooit in 'n *reënboognasie* tuis kom nie. Enige kunsmatige sameflansing van mense is nie God se resep vir vrede nie, maar wel dié van Satan want hy haat vrede. Gevolglik is rassevermenging gif vir vrede!

In 'n land waar booshede seëvier en selfs gewettig word, sal geen vrede gedy nie. As God vir Jehu aansê om die bose koningin Isebel te vernietig, vra iemand hom of hy in vrede kom:

*“.....Is dit vrede, Jehu? Maar hy antwoord: Wat? Vrede, solank as wat die hoererye van jou moeder Isebel en haar towerye so baie is?”* (2 Kon.9:22).

*“Maar die goddelose is soos 'n onstuimige see; want dit kan nie tot rus kom nie....Geen vrede, sê my God, vir die goddelose nie”* (Jes.57:20,21).

*“Hulle voete hardloop om kwaad te doen en is haastig om onskuldige bloed te vergiet; hulle gedagtes is onheilsgedagtes, verwoesting en verbreking is in hulle paaie. Die weg van vrede ken hulle nie en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hulle paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie”* (Jes.59:7, 8).

Daar moet soms ter wille van vrede, stryd wees. Op die vooraand van die Slag van Bloedrivier sê Sarel Cilliers: *“Ons wil nie julle goed hê nie. Laat net ons goed op ons plek met rus!”* Daarna is met Dingaan



afgereken sonder dat 'n wrok teen die Zoeloes gekoester is.

Hoë beskawings en vooruitstrewende kulture floreer slegs waar rassevrede gedy; iets wat slegs deur rassesseiding moontlik is. Daarom is rassesseiding nie sonde nie, maar 'n keuse vir die lewe en sal geen herstel sonder rassesseiding plaasvind nie. Daarbenewens baar elke vredepsoging wat nie met Christus, die Vredevoers, rekening hou nie, geen vrede nie.

## 2.7 Regte

*“Hoe lank sal julle onregverdig oordeel en partydig wees vir die goddelose mense?” (Ps.82:2).*

Suid-Afrika gaan onder 'n menseregte-kultuur gebuk wat eerlose mense die geleentheid bied om hul bose ideale te verwesentlik. Ten spyte daarvan dat die Handves van Menseregte uit pas met God se Woord is, word dit deur baie as 'n soort van Evangelie beskou. Dis in werklikheid 'n baie handige politieke knuppel en aanvalswaap teen kundige minderhede!

In hierdie Handves is daar geen sprake dat die mens die draer van sekere verpligtinge is nie. Gevolglik is so 'n mensbeeld on-Bybels. Die Bybel sien die mens nooit as 'n draer van regte sonder verantwoordelikhede of verpligtinge nie. Die

Wet eis juis dat ons sekere verpligtinge in belang van ons naaste op onself moet neem.

Die Humanistiese Manifest (1973) se 12e beginsel lui: *“Ons betreur die skeiding van die mensdom op nasionale gronde.....die wêreld moet bo die beperking van nasionale oppermag uitstyg en na die bou van ’n wêreldgemeenskap beweeg...”* Dis die ryk van die Antichris!

’n Christen-teokrasie sorg dat regverdig geleenthede vir elke burger beskikbaar is. Geen aansien van persoon, ras of geslag laat ’n burger onregverdig voordeel bo ander geniet nie. Gevolglik verskuif dit die klem van regte na voorregte en verantwoordelikhede.

## 2.8 Anti-demokraties

*“Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie....”*  
(Ex.23:2)

*“En Hy het vir hulle gesê: Dit is julle wat juis self regverdig voor die mense, maar God ken julle harte; want wat by die mens hoog geag word, is ’n gruwel voor God”* (Luk.16:15).

Demokrasie het ’n tipe van wêreldgodsdienst geword waaromheen magsblokke gevorm is. Dis egter nie ’n Christelike staatsmodel of die oorspronklike regeringsvorm van Amerika of enige ander groot Westerse beskawing nie

As meerderheid-besluitnemingstelsel het demokrasie sy wortels baie diep in die Humanisme en is dit menseverheerliking. Omdat besluitneming van die goedkeuring van die meerderheid afhanklik is, neig demokrasie om die meerderheid ter wille te wees.

Die openbare media soos die radio, TV, rolprente en koerante oorheers die moderne mens se denke en word grootliks deur vyande van God beheer wat daarop uit is om mense van God af weg te lei. Daarbenewens bied alternatiewe besluitnemingstelsels soos monargie en aristokrasie ook nie 'n bevredigende oplossing nie en in sommige gevalle so onbevredigend dat demokrasie na 'n oplossing lyk.

Omdat die meerderheid mense nie onafhanklik dink nie, lei demokrasie dikwels tot 'n oligargie - 'n groep elite burgers wat die politieke en maatskaplike orde manipuleer om die openbare mening te vorm. In Afrika kon geen ekonomie die wanbestuur en korrupsie van 'n oligargie oorleef nie!

In 'n demokrasie is die wil van die meerderheid die enigste norm en kan selfs radikaal van vorige besluite verskil soos al in die NG Kerk gebeur het. Nelson Mandela het by geleentheid gesê dat Suid-Afrika 'n eenparty-staat sal word indien die meerderheid dit verkies. Demokrasie kan demokrasie vernietig!

In 'n poging om demokrasie te waarborg, is die Handves van Menseregte in die grondwet verskans. Sulke regte het nooit veel om die lyf nie aangesien 'n demokratiese staat enige staatswet deur middel van 'n meerderheidstem kan verander.

Nêrens in die Bybel word meerderheidsregering as die Christelike lewensweg voorgelê nie. Die Bybel waarsku eerder daarteen! Demokrasie ken byvoorbeeld geen spesiale rolle, verantwoordelikhede of beskerming aan enige Godgegewe groeperings toe nie.

Demokrasie is gewild omdat dit aan mense ongekwalifiseerde politieke inspraak gee. In Afrika lei dit dikwels tot 'n skrikbewind van georganiseerde guerrilla-oorlogvoering teen 'n beskaafde gemeenskap. Booswigte word sienderoë toegelaat om eerbare burgers in die naam van demokrasie van 'n gehalte-bestaan te beroof en die lewe uit die ekonomie te suig.

Demokrasie glo dat as mense in een opsig gelykwaardig is, hulle dit in alle opsigte is, 'n noodlottige aanname wat nog nêrens 'n oplossing gebring het nie, maar eerder ellende. Demokrasie is in werklikheid mense-verering wat mense se vertrouwe van God na die mens verskuif - *vox populi, vox dei* (die stem van die mens is die stem van God). 'n Christen-teokrasie leer - *vox dei, vox populi* (die stem van God is die stem van die mens).

In 'n demokratiese staat word elke mens as 'n deel van 'n verenigde mensdom in 'n verenigde vaderland beskou; 'n brokkie van 'n groot heelaal. Daarom dwing dit selfs burgers met uiteenlopende kulture en botsende waardestelsels om kunsmatig te verenig. Dit gee aan kundige en onkundige burgers ewe veel inspraak in landsake. Twee dwase stem een geleerde uit en 51% van die bevolking versuur maklik 49% se lewens. Daarom sidder talle demokrasieë onder die verstommende onbekookte optredes van onbevoegde politici!

'n Gepeupel met politieke mag borrel soos skuim op sodra 'n volk begin kook; mense wie se lewens so bedenklik is dat dit aan misdadigheid grens. Desondanks poseer baie van hulle as martelaars van 'n vryheidstryd.

Geen land floreer waar kundiges deur die vuurpeloton van 'n ongekwalfiseerde een-mens-een-stem kieserskorps tereggestel word nie. Oral waar 'n bekwame minderheid die knie voor 'n onbekwame meerderheid moes buig, het so 'n land sy doodvonnis onderteken en op die glybaan van agteruitgang beland. Te min kennis en ervaring in te veel koppe is geen wenresep nie!

Athene het van 508-322 v.C. demokrasie beoefen. Die leiers is egter nie blindweg deur 'n meerderheid van kiesers verkies nie, maar deur kiesers met 'n keurstem. Kundigheid was 'n

ononderhandelbare vereiste. Gevolglik is koppe geweeg en nie getel nie.

Tirannie en demokrasie is beide produkte van 'n ongekwalifiseerde kieserskorps. In Afrika is talle demokrasieë niks anders as regerings van bullebakke nie met eertydse rebelle-leiers wat niks anderste as guerrilla-regverdigheid uitdeel nie. As booswigte eers mag geproe het, deel hulle dit met niemand nie.

Demokrasie is in werklikheid baie riskant; enige skurk mag regeer indien hy die nodige ondersteuning verkry. Talle booswigte het aan bewind gekom deur voor te gee dat hulle gewaande onreg wil regstel. Ander het weer mag onder verdagte omstandighede en met gemanipuleerde verkiesings verkry net om die staatskas te plunder!

Die enigste rede waarom demokrasie in Westerse lande ingeburger geraak het, was omdat dit in 'n homogene bevolkingsamestelling tot 'n mate van bestendige regering gelei het. In die meeste gevalle word demokrasie slegs aangehang omdat dit as die teenpool van sosialisme beskou word.

Afrika-demokrasie is vandag aan skerwe. Die stryd teen blankes eindig selde in 'n oorwinning; eerder in diktatoriale onderdrukking. Oral waar 'n geneties ondergeskikte ras op grond van getalle regeer, is onderdrukking onafwendbaar.

Vir Afrika is demokrasie sinoniem met swart oorheersing. Daarom keer baie Afrika lande ná *demokratiese* verkiesings na dwang en intimidasie terug; 'n gedwonge aanvaarding van die tirannie van die meerderheid.

Na baie jare van onafhanklikheid vertoon Afrika steeds geen trekke van ware demokrasie nie. Dis tradisioneel outokraties-sosialisties en dwing burgers onder die bedompige vlerk van regeringsbeheer in waarna hulle stelselmatig versmoor word. Gevolglik vertoon 'n sosialistiese leier in 'n demokratiese mondering soos 'n pedofiel in 'n Kersvader-gewaad!

Daarbenewens maak demokrasie die fout om kerk en staat van mekaar te skei; 'n onderskeid wat vreemd aan die Bybel is. 'n Christen-teokrasie maak nie 'n onderskeid tussen die geestelike en burgerlike lewe nie en laat God se wil oral geskied.

## **2.9 Kerk**

Ontspoorde teoloë het Suid-Afrika oneindige skade berokken toe hulle en hul gewillige lakeie blankes aangemoedig het om hul lotsgebondenheid met die swart gemeenskap te aanvaar. Vandag lê die land figuurlik gesproke besaai met die beendere van goedgelowiges wat hulle met hul toekoms vertrou het. Nie lank daarna nie het hul

lugkastele almal in puinhope en hul dagdrome in nagmerries verander.

Elke verloopte kerk het rasbewustheid as 'n gruwel veroordeel en geglo dat gelowiges deel van 'n identiteitslose massa moes word ten einde God te behaag. Gevolglik het baie mense ywerig 'n gat vir hulself gegrawe, daarin geval en dit hul roeping geag om daaruit te probeer kom!

Van die demokratiese beginsels waarvan die Nasionale Party (NP) gedroom en die broederliefde wat die NG Kerk verwag het, het absoluut niks gekom nie. Ten spyte van al die dringende waarskuwings het derduisende burgers hul verraderlike leiding tot oor die afgrond gevolg.

Marxiste het daarin geslaag om verskeie toonaangewende kerke binne te dring en invloedryke leiers mislei. Laasgenoemdes het soveel weersin in hul eie verlede openbaar, dat hulle gewillig in dieselfde juk met die volksvyand begin trek het. Leraars wat met die gifgasse van vrysinnigheid bedwelm is, het soos engele gepraat, maar soos duiwels opgetree. Lidmate is in 'n kerklike beskuldigdebank ingedwing en aangemoedig om wraak op hulself te neem.

Hierdie gebrek aan profetiese visie het die land oneindige skade berokken. Die fluitspel van versoening en universele broederliefde het hulle so



betower dat hulle nie gekroom het om hul eie mense vanuit teologiese loopgrawe te bestook nie. Kansels is misbruik om mense wat teen die komende ramp beswaar was, te roskam.

Gevolgluk is al hierdie kerke aandadig aan die skrapping van die Christen-grondwet en vestiging van 'n heidense een. Die getygolf van verwoesting wat dit veroorsaak het, is ironies genoeg *vernuwing* genoem; 'n dodelike lugspieëling in die woestyn van Sataniese misleiding.

Alhoewel hierdie kerke die meeste burgers oorreed het om die hande van hul kastyders soos tjankende honde te lek, was daar 'n handjie vol gelowiges wat die knie nie voor Baal gebuig het nie. Hulle liefde vir God en hul volk was te groot om enigsins eerbied vir hul laksmanne te hê!

Teen hierdie agtergrond gesien, waak 'n Christen-teokrasie baie ernstig oor die doen en late van sy kerke om te verhoed dat dit ooit weer aan die suidpunt van Afrika gebeur dat kerke aan die volksvyand gedienstig raak en die volk ondergrawe.



## Hoofstuk 3

# SEPARATISME

### 3.1 Omskrywing

Christen-teokratiese separatisme is 'n welkome lig in die donker wêreld van mites en leuens wat eerbare burgers al vir baie jare aan die suidpunt van Afrika teister en gee politieke gestalte aan 'n natuurlike filosofie - soort soek soort. Elke soort skei hom ter wille van voortbestaan van ander soorte af. Alhoewel beide voëlspecies is, paar duiwe byvoorbeeld nie met sprees of mossies met swaeltjies nie, maar slegs met hul eie soort. Dis die natuur se *ysterwet*.

God het met die skepping in elke spesie 'n kern geplaas waarsonder dit nie sal oorleef nie. Gevolglik rig elke spesie sy oë op sy eie soort; 'n geslotenheid wat deur vermenging en verbastering bedreig word. Daarom skep Christen-teokratiese separatisme vir elke ras die nodige ruimte waarin hy sy andersheid uitleef. Rasse word nie kunsmatig saamgedwing nie, maar groei eerder na mekaar toe terwyl elkeen sy eenselwigheid behou.

## 3.2 Rasseverskille

*“The racial question is the key to world history....all is race, there is no other truth”* (Benjamin Disraeli)

In die menslike soort word eenselwigheid deur ras (biologiese eenheid), afkoms, volksverwantskap, kultuur, taal en omgewing bepaal. ’n Volk is ’n groep mense wat deur die wil van God as ’n eenheid tot stand gekom het. Omdat hulle ’n lang tyd onder dieselfde omstandighede verkeer het, het hulle ’n gemeenskaplike lewenspatroon verkry wat aan die volgende eienskappe uitgeken word:

- (i) bloed- en geestesverwantskap;
- (ii) kulturele band;
- (iii) die gesamentlike waardering vir dieselfde verlede;
- (iv) ’n eie identiteit-bewussyn en
- (v) die wil tot nasionale selfverwesenliking in ’n eie vaderland.

’n Ras is ’n duidelik onderskeibare groep mense met aangebore fisiese en kulturele kenmerke wat opsigtelik van mekaar verskil. Behalwe die uiterlike verskille, verskil rasse in bringgrootte, skedelstruktuur, intelligensie, spierstelsel, hormoonvlakke, sedelike norme, gemoedstoestand, lewensduur en persoonlikhede van mekaar.

Gevolglik loof Christen-teokratiese separatisme die Skepper vir 'n wêreld van menseverskeidenheid, anders sou die mensdom van eendersheid en verveling omgekom het! Rasseverskille is net so 'n werklikheid soos die verskil tussen skape en bokke; 'n Godgegewe werklikheid en praktiese genetika waarmee die mensdom rekening moet hou ten einde vreedsaam te leef. Minagting daarvan lei tot rassebotsings en nimmereindigende geweld.

Die miskenning van rasseverskille is die hoofrede vir die voortslepende chaos en wanorde aan die suidpunt van Afrika. Die ontkenning van rasseverskille het in sommige kringe feitlik 'n godsdienstige beslag gekry terwyl die beklemtoning daarvan dikwels met die teerkwas van Nazi nasionaal-sosialisme bygekom word!

Daar is onder mense ook genetiese verskille soos in die diereryk. 'n Krap kan nooit geleer word om reguit te loop of 'n hond om te miaau of 'n kat om te blaf nie. Dis nie in hul gene nie. Daarom is rasseverskille nie bloot pigmentasie-verskille nie maar 'n wetenskaplike werklikheid wat baie dieper as die vel lê.

Rasseverskille is nie 'n kwaadwillige versinsel nie, maar 'n lewenswerklikheid waarmee deeglik rekening gehou moet hou. Dit laat sommige rasse verantwoordelik en ander onverskillig optree. Dit skep by sommige rasse vryheid en by ander

despotisme. By sommige skeep dit pragtige musiek en by ander dreunsang of ’n aanstootlike gekwetter (“rap”).

Rasse se woonbuurte verskil ook baie duidelik van mekaar – sommige verkies skoon woonbuurte terwyl ander met morsige agterbuurte tevrede is. Sommige is berug vir vandalisme terwyl ander bewaringsbewus is. Rasseverskille kleur nie slegs die vel nie, maar die hele lewe!

Benjamin Disraeli het tereg gesê dat alles ras is. En dit is so, ras is omtrent alles - vlees en bloed, brein en hormone. Dis in elke liggaamsel en DNA en skeep armoede of rykdom, misdaad of burgerlike gehoorsaamheid, primitiewe gemeenskappe of hoë beskawings. Disraeli het ook gewaarsku dat elke ras wat toelaat dat sy bloed vermeng raak, verdien om ten gronde te gaan.

Gevolgtik beywer die meeste Westerse volke hul vir etniese eenheid omdat dit staatkundige vrede en eenheid skeep. Daarom heers daar in die Westerse wêreld groter vrede en eensgesindheid as in lande met veelvolkige bevolkingsamestellings. Hoe eenvormiger, hoe beter. Wie rasseverskille verstaan, moet nooit as ’n rassehater veroordeel word nie. Dis nugtere oordeel!

Die leer van rassegelykheid is een van die skadelikste mites van alle tye en in werklikheid moderne bygeloof wat deur dwase versprei en deur

